

BENAMINGS VAN VRUGTESOORTE BEHORENDE TOT DIE SITRUSFAMILIE

AFRIKAANS	NEDERLANDS	ENGELS	MALEIS*	Plantkundige naam	Woordgeskiedenis
sitrus	citrus	citrus	Limau, limun , Persiaansch woord: vrucht van limoenboom - citrus; ook “jerua” jeruk (J. Mets)	<i>Citrus</i>	Afr. uit Ndl. <i>citrus</i> uit Lat. <i>citrus</i> , hou verb. met Gr. <i>kerdos</i> wat o.a. ‘seder’ beteken.
(soet)lemoen	sinaasappel appelsien	orange	Limau manis , de zoete limoen, sinaasappel. jeruk manis ‘zoet’ (J. Mets)	<i>Citrus sinensis</i>	Ndl. <i>sinaasappel</i> ‘suidvrug’ (vir <i>orange</i>) van <i>chinas-appelen</i> (1682) naas <i>sinaas-appelen</i> (1693), eintlik <i>appel uit China</i> (17e-eeus dikwels <i>Sina</i> ‘China’). Nndl. <i>appelsien</i> (bestaan naas hedendaagse Nndl. <i>sinaasappel</i>) uit Nnd. <i>Appelsina</i> vlgs. Fr. <i>pomme de Sine</i> ‘appel uit Sjina’. (Fr. <i>pomme</i> uit Lat. <i>pomum</i> ‘vrug’). Hierdie sitrussoort is in 16e eeu deur Port. uit Sjina ingevoer en word met hierdie kenmerk ook op die toe reeds bekende bitterlemoen toegepas. (Kluge: 1995)
bitter-/suur lemoen, Seville- lemoen	bittersinaas-appel (“Sp. lemoen- cornen”): Van Riebeeck)	bitter/sour orange, Seville orange		<i>Citrus aurantium</i>	Ndl. <i>oranje</i> ‘vrug’ (<i>Citrus aurantium amârum</i>), Mnl. (<i>appel</i>) van <i>araigne</i> (1394) (later <i>appel van oraengnen</i> ; <i>orange</i> c. 1600) uit Fr. <i>orange</i> (1393) van <i>pomme d-orange</i> (c. 1300), met <i>o</i> onder invloed van die naam van de stad <i>Orange</i> ; vertaling van Oudit. <i>melarancia</i> van <i>mel-</i> ‘appel’ + <i>arancia</i> (A(u)rancia) uit Arab. <i>nârandja</i> , Pers. <i>nârâng</i> , naam van die bitter Persiese variëteit uit Sanskrit <i>naranga</i> ‘bitterlemoen’. Vgl. Suidndl. <i>aranje</i> (<i>appel</i>) en <i>araengieappel</i> . As kleurnaam ook die bnw. <i>oranje</i> , wat in die vorms <i>araynge</i> (1364-65) en <i>oranghe</i> (1371) reeds Mnl. is en dus blykbaar, onafhanklik v.d. naam v.d. vrug, in Mnl. aan Frans ontleen is.
suurlemoen	limoen, lemoen tans citroen in Ndl. (J. Mets)	lemon	Limau kapas panjang , Kaapsch suur limoen kapas pandjang wsk. ‘langvezelig’ (J. Mets)	<i>Citrus limon</i>	Uit Ndl. <i>lemoen</i> , <i>limoen</i> (Mnl. <i>limoen</i> , <i>lemuen</i>) ‘klein citroen’ (1351-1400) uit Fr. <i>limon</i> uit Turks <i>limon</i> uit Pers. <i>limun</i> uit Mal-Pol. <i>limau/limo</i> (B&N). Die Fr. uitgang <i>-on</i> soos in <i>limon</i> , Eng. <i>lemon</i> het in ou leenwoorde in Mnl. - <i>oen</i> geword, o.a. in <i>meloen</i> (behou in <i>lemoen</i>), maar later nie meer nie.

sitroen (geel vrug soos suurlemoen, minder skil); siter	citroen steeds citroen in Ndl. (J. Mets)	citron, lemon	Limau karbau , de citroen	<i>Citrus medica</i>	Sitroen: Uit Ndl. <i>citroen</i> (1554) soos Hd. <i>zitrone</i> , Eng. <i>citron</i> , via Fr. <i>citron</i> of It. <i>citrone</i> uit Lat. <i>citrus</i> (bek. as <i>malum citreum</i> ‘sitroenappel’). Siter: Uit Ndl. <i>citer</i> (17e eeu, tans verouderd, ook in Afr.) uit Lat. <i>citrus</i> , hou verb. met Gr. <i>kerdos</i> wat o.a. ‘seder’ beteken.
lemmetjie	limmet(je) (<i>Citrus limetta</i>)	lime	Limau kapas , limoen. Kaapsch ‘lemmetjie’.	<i>Citrus aurantifolia</i>	Ndl. <i>lemmetjes boom</i> 1708, <i>lemmetje</i> 1718; < fr. <i>limette</i> , verkleiningsvorm van <i>lime</i> [sitroen] < provençaals <i>limo</i> (vgl. <i>limoen</i>) -> <i>limmetje</i> .
pomelo	pomelo	pomelo		<i>Citrus paradisi</i>	Saamgestel uit <i>pompelmoes</i> (onderskei van groter pompelmoesvrug)
pompelmoes, pampelmoes	pompelmoes	pomple-mousse	Limau gadang , de pompelmoes	<i>Citrus decumana</i>	Uit Ndl. <i>pampelmoes</i> , laat Nnl. soos NEng. <i>pompelmoose</i> , Nfra. <i>pamplemousse</i> , <i>papelimousse</i> ., Vgl. Tamil <i>pampalimasu</i> uit Ndl. Mal./Jav. <i>limoes</i> uit Port. <i>limoes</i> (mv. v. <i>limão</i> ‘lemoen’) beïnvloed wsk. 2e deel <i>-elmoes</i> . “Naam door de 17de-eeuwsche Nederlandsche zeevaarders aan de <i>Citrus decumana</i> L., een zeer groote variant van den sinaasappel, gegee, zoowel aan de vrucht als aan den boom. Pampelmoes, soort van bitteren lamoen.” (WNT)
nartjie	mandarijn	mandarine	Limau japun , Jap. of Mandarijnsche limoen. Kaapsch “nartje”.	<i>Citrus reticulata</i>	Afr. moontlik uit Tamil <i>nàrtei</i> (1785). Ndl. <i>mandarijn</i> , vrug van die Mandaryn ‘hoë staatsamptenaar van die Chinese Ryk’. Oorspronklik, sonder enige uitsluitende betrekking op Sjina, was dit in Indië en Indonesië ’n term vir raadsman van ’n vors, minister en dergelike: Hindi mantri (Sanskrit mantri, vanwaar ook Maleis <i>mantèri</i>) word Port. <i>mandarim</i> , vandaar Ndl. <i>mandarijn</i> , Eng. <i>mandarin</i> , ens. “... wat de <i>d</i> betref, die achten wij ontstaan uit de Malabaarsche of Tamilsche uitspraak <i>mandiri</i> ” (KERN, in <i>Indische Gids</i> 1889, 1213). (WNT) In 1834 word Eng. <i>mandarin</i> (<i>orange</i>) die eerste keer gebruik om aan te dui dat die <i>citrus nobilis</i> van alle ‘sinaasappel’-soorte die kroon span. Dit deel dus die status van die hoë amptenaar (vertaal uit De Vries).

appel	appel	apple		<i>Pirus malus, Malus sylvestris</i> of <i>Malus communis</i> , fam. <i>Rosaceae</i>	Vrug van die appelboom en in Ndl. vrug ook van die oranjeboom (<i>appeltje van oranje</i> , sinaasappel). Vgl. Ndl. pleknaam Appoldro, nou Apeldoorn (792-793), <i>ap(p)el</i> 1220-1240. Afr. <i>appel</i> uit Ndl. (al Mnl.), Krimgoties <i>apel</i> uit Germ. * <i>aplu-</i> , * <i>apal-</i> uit IE <i>abel-</i> wsk. uit oervorms * <i>abal-n-</i> en * <i>amal-n</i> (Kluge: 1995). In die ruimere sin het <i>appel</i> aanvanklik verwys na 'n hele aantal vlesige of ronde, min of meer gelykvormige vrugtesoorte.
waatlemoen ss. <i>waat-</i> saamgetrek uit <i>water + lemoen</i> onder invloed van <i>lemoen</i> ver-vorm uit <i>meloen</i>	watermeloen	watermelon		<i>Citrullus vulgaris, Cucumis citrullus</i> of <i>Melone indiano</i> (WNT)	Uit Ndl. <i>watermeloen</i> (1603), ss. van <i>water + meloen</i> . Ndl. <i>meloen</i> , Lmnl. <i>meloen</i> (reeds by vRieb (17.12.1652) in een asem met <i>waterlimoenen, meloenen</i>), <i>melonen</i> (1477) uit Ofr. <i>melon</i> uit Lat. <i>melonem</i> (4e nv. van <i>melo</i>) uit Gr. <i>mèlopepōn</i> 'meloen', van <i>mèlon</i> 'appel, vrug', uit een voor-gr. meditereense taal + <i>pepōn</i> 'rijp'.
pampoen	pompoen	pumpkin		<i>Cucurbita</i>	Uit Ndl. <i>pampoen</i> uit Mfr. <i>pompon, popon</i> naast <i>pepon</i> uit Lat. <i>pepo</i> , uit Gr. <i>pépon</i> 'meloen'.

*H.C.V. Leibbrandt *Het Kaapsch Hollandsch* (1882): uit Marsden se Maleise woordeboek; bykomende toeligting oor hedentydse B.I.-taalgebruik: dr. Han Mets, Kaapstad